# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Oefening 1**

Kandidate het hierdie vrae oor die algemeen goed beantwoord. Sommige kandidate het punte verbeur deur sinsdele direk uit die teks neer te skryf terwyl dit nie 'n logiese antwoord op die vraag was nie.

**Oefening 2**

Die meeste kandidate het die vorm baie goed ingevul, maar sommige het nie fyn genoeg gelees nie en die verkeerde posadres en telefoonnommer ingevul. Sommige het om dieselfde rede ook die laaste vraag verkeerd gekry (waar hulle net "Afrikaans en Engels" moes antwoord).

**Oefening 3**

Kandidate het redelik goed gevaar in hierdie oefening. Kandidate moet onthou dat hulle telegramstyl mag gebruik en nie (lang) sinne woordeliks uit die teks moet neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan. Wanneer kandidate gevra word hoe luiperds van leeus verskil, moet hulle onthou om na albei in hul antwoord te verwys.

**Oefening 4**

Alhoewel heelwat kandidate die opsomming goed gehanteer het, het verskeie nie slegs op die luiperd as jagter gefokus nie. Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde, en verkieslik in hul eie woorde.

**Oefening 5**

Dit was duidelik dat die meeste kandidate die opdrag verstaan het en oor die onderwerp kon skryf. Daar was verskeie baie goeie skryfstukke. Behalwe die algemene foute wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate onthou om in paragrawe te skryf en reëls tussen paragrawe oop te laat.

**Oefening 6**

Algemene kommentaar: Kandidate moet die vrae in hul eie woorde probeer beantwoord en moenie die vrae in hul antwoorde herhaal nie.

**Vraag 1**: Party kandidate het gesukkel om te verduidelik dat die fiets met elektrisiteit werk.

**Vraag 2**: Te veel kandidate het hul antwoord direk uit die teks gehaal sonder enige teken dat hulle dit werklik verstaan het. Hulle moes noem dat die nuwe fiets goedkoper as die vorige een is.

**Vraag 3**: Kandidate moet onthou om na albei aspekte te verwys as hulle gevra word om twee aspekte te vergelyk. Te veel kandidate het hier nie in hul eie woorde geantwoord nie.

**Vraag 4**: Heelwat kandidate het gesukkel om hierdie vraag korrek te beantwoord.

**Vraag 5**: Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord.

**Vraag 6**: Ongelukkig het te veel kandidate nie in hul eie woorde geantwoord nie.


© UCLES 2008
www.xtremepapers.net

**Vraag 7**: Alhoewel baie kandidate hierdie vraag korrek beantwoord het, het verskeie die fout begaan om nie spesifiek genoeg te wees nie – hulle moes noem dat die sakeman negatief oor die e-fiets is terwyl die tiener positief daaroor is.

**Oefening 7**

Dit was beslis 'n onderwerp waaroor die kandidate kon skryf! Die gehalte van hierdie skryfstukke was dikwels 'n goeie aanduiding van kandidate se taalvaardigheidsvlak. Sterker kandidate kon die voor- en nadele van selfone bespreek, terwyl swakker kandidate geneig was om te subjektief en oppervlakkig te wees.

Daar was drie algemene probleme ten opsigte van die styl/aanbieding van die skryfstukke:

- Min kandidate het die formaat en styl van 'n koerantberig gevolg.
- Te min kandidate het in paragrawe geskryf.
- Te veel kandidate skryf die gegewe inligting oor sonder enige teken dat hulle dit verstaan.

Die skryfstukke in **Oefening 5** en **7** toon weereens dat benewens algemene foute ten opsigte van leestekens, spelling, hoofletters, woordorde en die negatief, baie kandidate nie mooi weet hoe om ordentlike paragrawe te skryf nie. Dit bly dus iets wat aandag moet kry.


© UCLES 2008
www.xtremepapers.net

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/02**

**Listening**

## Algemene kommentaar

Kandidate wat gesproke Afrikaans goed verstaan, het baie goed gevaar in hierdie vraestel; daar was ’n aantal wat volpunte behaal het.

Ongelukkig is dit duidelik dat sommige kandidate die luistertekste hoegenaamd nie verstaan het nie. Hulle het baie swak gepresteer. Talle van hierdie kandidate het geen punte behaal vir sommige oefeninge nie. Party het selfs geen poging aangewend om enigiets neer te skryf nie. Sulke kandidate word waarskynlik nie blootgestel aan gesproke Afrikaans nie en herken dus nie die woorde nie, omdat hul woordeskat onvoldoende is en die teks vir hulle te moeilik is om te volg. Luistervaardighede is baie belangrik vir tweedetaalleerders, want daarsonder kan mondelinge kommunikasie nie plaasvind nie. Dis dus van kardinale belang dat kandidate gereeld na gesproke Afrikaans moet luister en dikwels luisteroefeninge doen.

In hierdie vraestel word kandidate nie gepenaliseer vir spel- en taalfoute nie, mits die antwoord wat hulle neergeskryf het, herkenbaar is. Dit is nogtans onrusbarend dat ’n groot aantal kandidate nie kan onderskei tussen spraakklanke (lang vokale en diftonge soos "y" en "ui", "uu" "eu" en "ie") nie en bv. "tein" skryf as "tien" bedoel word.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1: Vrae 1-6

Aangesien die teks waarna hulle in hierdie oefening moes luister, redelik maklik was om te volg, het die meeste kandidate daarin geslaag om hier goeie of redelike punte te behaal.

Goeie kandidate het dikwels volpunte vir hierdie eerste vyf vrae van die vraestel behaal. **Vraag 4** van hierdie oefening is dikwels verkeerd beantwoord omdat die kandidate baie fyn moes luister om te weet dat die "25%" die stelling "onwaar" maak.

### Oefening 2: Vrae 7-11

Sommige kandidate het nie ’n blokkie gemerk as hulle nie seker was van die antwoord nie omdat hulle waarskynlik onder die indruk was dat hul antwoorde negatief nagesien sou word en hulle dus ’n punt sou verloor as dit verkeerd was. Dit is egter nie die geval nie. Kandidate moet ’n antwoord baie duidelik skrap as hulle dit wil kanselleer en weet dat hulle nie twee blokkies kan merk nie.

Vraag 11 is dikwels verkeerd beantwoord omdat die kandidate nie kon onderskei tussen "maksimaal" en "ongeveer" nie.

### Oefening 3: Vrae 12-19

Uit hierdie oefening het dit geblyk dat party kandidate nie daartoe in staat is om ’n gesprek op hierdie vlak te volg nie, alhoewel die praatspoed nie te vinnig was nie en daar gereelde pouses in die luisterteks was. Geen punte is afgetrek as plekname verkeerd gespel is nie.

Bevoegde kandidate het weereens goed gevaar in hierdie oefening.


© UCLES 2008
www.xtremepapers.net

**Oefening 1: Vrae 20-26**

Die meeste kandidate het hierdie laaste oefening van die vraestel die moeilikste gevind omdat die vrae, in ooreenstemming met die kurrikulum, in sinne of frases beantwoord moes word en dit ’n langer teks is waarna geluister moet word.

Heelwat kandidate het hier geen punte gekry nie omdat hulle die luisterteks nie verstaan het of kon volg nie.


© UCLES 2008
www.xtremepapers.net

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/05**
**Oral Communication**

**General comments**

Almost all Examiners followed the guidelines regarding the conducting of the oral examination correctly.

These guidelines and the previous year's Examiners Reports must be studied before the start of the examination. The individual Report to Centres also spells out specific recommendations to remedy any mistakes that may have occurred, which then need to be kept firmly in mind for the following examination.

**Recording**

Overall, the recordings were clear and audible. Nevertheless, there were still one or two cases where external noises interfered with the recording. Centres are advised to put up a sign on the door when the examination is in progress in order to eliminate noise and disruption.

**Range of samples**

With regards to size and composition, there were no problems with the samples submitted for moderation this year. However, there were a few cases where the samples were not submitted to CIE in a timely fashion. Centres are advised that any late submission in the future may jeopardise the issue of Oral results for their candidates.

**Conversation**

As always, it was very interesting to listen to the conversations of candidates living in or outside Southern Africa.

The only real problem with this part of the test was that some Examiners appeared not to have prepared a sufficient range of questions for themselves on each topic beforehand. Although such questions may not be divulged to candidates before the test, having recourse to a number of questions facilitates the flow of the conversation, which in turn can be a crucial help, especially for nervous candidates.

In a few cases, the warm-up period was too long. Please note that the candidates are not assessed on the warm-up and therefore need to conserve their ideas and energy for the parts of the test for which they may receive credit.

In some cases the Examiner did not adhere to the time prescribed in the guidelines (12–15 minutes). Conversations that are too short can disadvantage candidates as they often tend to relax only after a while and then start speaking freely.

**Assessment**

As in 2007, the assessment was generally up to standard. It is clear that the marking grid was studied and the criteria implemented correctly in most cases.

Thank you to all the Examiners for their dedication and hard work.


© UCLES 2008
www.xtremepapers.net